

Landbouwetenskap

Graad 10 -Week 2

Waterbestuur-Plak in jou boek

Dinsdag 16 Junie

- Water is seker een van ons belangrikste hulpbronne. As ons nie water gehad het nie dan sou daar nie lewe op aarde wees nie.Plante en diere kort water om te oorleef. Daarom is dit belangrik om ons waterbronne te bewaar , sodat ons en ons nageslagte nog daaruit kan baat.

-Watergehalte vewys na die fisiese , chemiese en biologiese kenmerke van water.

- Hier is n ekstra bron wat jy ook kan opvolg wat gaan oor gewasproduksie en water.(
<http://www.fertilizer.co.za/af/inligtingsentrum/kundigheid/190-die-invloed-van-watergehalte-op-gewasproduksie>)

-Jy moet op bladsy 82 en 83 gaan kyk na die volgende en die tabel invul:

| | Kenmerke |
|------------|----------|
| Fiesiese | |
| | |
| | |
| | |
| Chemiese | |
| | |
| | |
| | |
| Biologiese | |
| | |

| | |
|--|--|
| | |
| | |

Donderdag 18 Junie

Waterbronne en Voorsiening

Hoe groter jou bevolking hoe meer hulpbronne het jy nodig. So mense het meer water nodig en dit moet baie goed bestuur word. Ons land se reenal gemiddeld is hier by 500mm en dit is redelik min.

Om die groeiende vraag na water te kan voorsien moet jou infrastruktuur van so aard wees om die huishoudings ,landbou en nywerhede te ondersteun.

Waterbronne vir landbou

Oor Suid-Afrika so min reën kry is mense baie afhanklik van opgaardamme om hulle gewasse te kan besproei en diere water kan gee.

Maar groot dele van ons land se boere is meer afhanklik van die jaarlikse reenal. Ander boere maak staat op grondwater deur middel van windpompe en ander tipe pompe om water vir besproeiing te kry.

Gebruik van water in landbou

Besproeiing – gewasse word besproei om beter opbrengste te bied.

Huishoudings en diere – word gebruik vir kook, drink , skoonmaak en wasgoed. Diere moet ook drinkwater kry.

Varswatervisboerdery – vis word geteel vir kos in riviere en damme.

Hidroponika – plante word sonder grond geproduseer. Minerale word saam met water gesit wat dan deur die plantwortels kan vloei vir die plante. <https://af.wikipedia.org/wiki/Hidroponika>

Vervoer – landbouprodukte word op skepe vervoer.

Dip van Vee – diere word gedip om eksterne parasiete te beveg.

Schoonmaak – melkerye ,hoederhokke ens. word met water skoongemaak.

Faktore wat watervoorsiening vir landbou beïnvloed

1. Droogtes kom gereeld voor dan daal watervoorraad.
2. Grondwater wat vir besproeiing gebruik word kan nie vervang word nie.
3. Aardverwarming veroorsaak groot klimaatsverandering.
4. Uitheemse indringer plante soos die bloekomboom gebruik meer water as inheemse spesies.(artikel oor indringerplante <https://parysgazette.co.za/15905/die-indringers-steel-ons-water/>)

Waterbesoedeling deur Landbouaktiwiteite

- ❖ Vul die tabel in deur na bladsy 86 te verwys en kry n strategie(87) om elk van die aktiwiteite se besoedeling te verminder of voorkom.

| Aktiwiteit wat besoedeling veroorsaak | Strategie om besoedeling te voorkom |
|---------------------------------------|-------------------------------------|
| ❖ | ❖ |
| ❖ | ❖ |
| ❖ | ❖ |
| ❖ | ❖ |

Die Nasionale Waterwet van 1998

- ❖ Het te doen met die gebruik , ontwikkeling ,beskerming en bewaring van waterbronne in ons land.
- ❖ Die wet het baie te doen met die bewaring van water.
- ❖ Hy se ook dat as jy water op jou eiendom het ,jy dit moet bewaar en nie besoedel nie.
- ❖ Jy kan verder na die dokument kyk wat hieroor gaan (http://www.energy.gov.za/files/policies/act_nationalwater36of1998.pdf)